

## Sleutelterme

rykdom

skuld

laste

netto waarde

spaarrekening

bedryfsinkomste

rente

kapitaaluitgawes

bedryfsuitgawes

finansierings-  
uitgawes

## 1 Inleiding

Jy is in Onderwerp 1 aan 'n paar basiese rekeningkundige begrippe bekendgestel. In hierdie onderwerp sal jy meer oor twee begrippe leer: inkomste en uitgawes.


Hierdie onderwerp sal vir jou voorbeelde gee van persoonlike inkomste en uitgawes, en die verskillende soorte persoonlike inkomste en uitgawes verduidelik. Jy het in Onderwerp 1 basiese rekeningkundige terminologie geleer. Ons sal in hierdie hoofstuk voortgaan om met hierdie terme te werk en jy sal ook oor die term "netto waarde" leer. Jy sal uitvind hoe om jou eie staat van netto waarde asook dié van ander op te stel.

Hierdie onderwerp sal ten slotte kyk na die verskil tussen spaar en belê, en hoe belangrik albei vir individue en sakeondernemings is.

## 2 Persoonlike inkomste

Persoonlike inkomste is die bedrag geld wat jy as 'n individu ontvang. Dit is die geld wat jy het om van te lewe. Dit is altyd beperk en dus moet jy versigtig beplan oor hoe om die inkomste te bestee. Persoonlike inkomste kan uit verskillende bronne verdien word.

## 2.1 Soorte persoonlike inkomste





# Inkomste en uitgawes

## 3 Persoonlike uitgawes

'n Persoon of huishouding bestee geld aan persoonlike uitgawes. Persoonlike uitgawes sluit die bedrae in wat betaal word vir goedere en dienste, soos kruideniersware, water en elektrisiteit, en huur. Al hierdie dinge vorm saam die lewenskoste.

Individue moet altyd probeer om hulle uitgawes te beheer om **verkwisting** van geld te vermy. 'n Huishouding kan geld spaar as hulle nie geld verkwis nie.

**verkwisting** – Om onnodig geld uit te gee.

### Aktiwiteit 1 Woordsoektog vir inkomste en uitgawes

Die Khan-gesin woon in Chatsworth, Durban. Daar is vyf lede in die huishouding: Ma, Pa, twee broers en een suster. Die kinders is almal op skool. Hulle besit hulle eie huis en verhuur hulle oumawoonstel vir ekstra geld.

Kyk hoeveel voorbeelde van inkomste en uitgawes vir die Khan-gesin jy in die woordsoektog hier onder kan vind. Gebruik 'n blou pen om die inkomste en 'n rooi pen om al die uitgawes te omkring.

Y	G	R	O	C	E	R	I	E	S
R	E	C	N	E	C	I	L	V	T
A	E	A	M	O	R	X	A	Y	I
L	B	N	Y	E	T	B	I	O	N
A	C	W	T	S	E	T	A	R	T
S	H	A	I	I	U	C	S	O	E
D	W	G	C	N	N	E	C	A	R
E	E	E	I	T	V	C	H	J	E
C	J	S	R	E	D	O	O	F	S
N	T	L	T	R	W	H	O	M	T
A	E	N	C	E	A	L	L	E	O
R	L	P	E	S	D	R	F	K	N
U	E	M	L	T	E	A	E	P	S
S	P	E	E	O	I	S	E	M	A
N	H	D	Q	N	F	T	S	O	V
I	O	I	S	L	R	A	E	P	I
F	N	C	L	O	T	H	E	S	N
G	E	A	L	A	A	N	U	I	G
I	K	L	R	N	G	Y	W	Z	S